



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

Finansiële rekeningkunde 100 (FRK 100)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Modulekrediete	24.00
Voorvereistes	Aanvaarbare prestasie in die verpligte rekeningkunde vaardigheidstoets, Reg 1.2(d)
Kontaktyd	1 praktiese sessies per week, 4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Rekeningkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Slegs beskikbaar vir BCom (Rekeningkundige Wetenskappe)-studente (Hierdie is 'n kernmodule vir BCom (Rekeningkundige Wetenskappe) wat deel uitmaak van die GR-program. Modules word opgestel en aangebied met kennisname van die vereistes van die SAIGR se sillabus.) 'n Inleiding tot die konseptuele raamwerk (teorie van rekeningkunde); die rekeningkundige vergelyking; belasting op toegevoegde waarde; afslag; kontrolerekening; inkomste; voorraad; niebedryfsbates eiendom, aanleg en toerusting; kontant en kontantekwivalente; beleggings; lenings; die verwerking van data vanaf hulpjoernale tot proefbalans; finansiële jaarstate van eenmansake; departementele rekening; opsporing en regstelling van foute; onvolledige rekords; takrekeningkunde; ondernemings entiteite sonder winsoogmerk; permanente vennootskappe; veranderinge in vennootskappe; vennootskaprekening; beslote korporasies; maatskappye; vervaardigingsondernemingsentiteite; rente-berekening; versekeringseise; ontleding en vertolking van finansiële state met gebruik van 'n kontantvloeistaat. ? Tegnieke vermoë om voorgaande kennis op komplekse probleme toe te pas, is noodsaaklik.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.